



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

### AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

### NOVEMBER 2009

### MEMORANDUM: NOORD-KAAP

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.**

| DESIGNATION | SIGNATURE | DATE |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

Kopiereg voorbehou

## ASSESSERINGSRIGLYNE

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Verkeerde spelling van eenwoord-antwoorde word nie as verkeerd aangedui nie, behalwe as die spelling die betekenis van die woord verander.

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is KORREK, word die punt toegeken.

- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ’n punt vir die rede/motivering/aanhaling. As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
  - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
  - Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**. Die aanhaling moet volledig korrek wees, maar die kandidaat word nie gepenaliseer vir spelfoute nie.

- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat ’n hele reeks gee, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter asook die korrekte antwoord.

| **VRAAG 1: KOERANTARTIKEL** [Verwerk uit: *Move!*, 7 Januarie 2009] **(301 woorde)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
| 1.1.1<br>1.1.2 | (Ga-)Matlala✓<br>Limpopo✓<br>(Indien die kandidaat meer as een naam gee, moet Limpopo die eerste naam wees.<br>Die antwoord kan in ’n sin aangebied word, bv. Die provinsie is Limpopo.) | 1<br>1 | 2<br>2 | 2<br>2 | 1<br>1 |
| 1.2 | (Sy het basiese dinge op) skool (geleer).✓<br>(Sy het ondervinding by die) huis/haar eie groentetuin (gekry).✓<br>(nie landboukollege nie) | 1<br>1 | 2<br>2 | 2<br>2 | 1<br>1 |
| 1.3 | (die) basiese✓ | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 1.4 | 1.4.1 gekyk ✓ (nie kyk nie)<br>1.4.2 soorte✓<br>1.4.3 skole✓<br>1.4.4 werk✓<br>(spelling tel nie) | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 | 2<br>1<br>1<br>1 | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.5 | 1.5.1 ONWAAR (NIE WAAR NIE/NEE/VALS)✓<br>1.5.2 (Sy gebruik) drie trokke. ✓ | 1<br>1 | 2<br>2 | 2<br>2 | 2<br>2 |
| 1.6 | B/Sy verkoop al haar produkte op die dorpsmark.✓ | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 1.7.1<br>1.7.2 | ONWAAR (NIE WAAR NIE/NEE/VALS)✓<br>Baie mense in Suid-Afrika/ ... aan die grootste markte✓ | 1<br>1 | 2<br>2 | 2<br>2 | 2<br>2 |
| 1.8 | ’n Mens moet aanhou leer/leer en leer/verder leer/aanhou studeer (alternatiewelik uitgedruk).✓ | 1 | 2 | 3 | 3 |
| 1.9 | (oop vraag – eie sinvolle opinie)<br>Antwoord en motivering ’n eenheid vir een punt.✓<br>Sy het ’n suksesvolle besigheid./Sy het haar diploma voltooi./Sy verdien haar geld./Sy probeer enigiets om suksesvol te wees.<br>(of iets soortgelyks gemotiveerd uit die teks) | 1 | 2 | 3 | 3 |
| DENKVLAK 1: 10/16 (62,5%) DENKVLAK 2: 4/16 (25%) DENKVLAK 3: 2/16 (12,5%) = 100% | | | | | |
| **[16]** | | | | | |

| **VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL** [Verwerk uit: *Rooi Rose,* Maart 2009] **(150 woorde)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
| 2.1.1<br>2.1.2 | ONWAAR (NIE WAAR NIE/NEE/VALS) ✓<br>Een uit elke twee mense sterf./Net 1% (wat behandeling kry, sterf.) ✓ | 1<br>1 | 2<br>2 | 2<br>2 | 2<br>3 |
| 2.2 | Hulle oë sink in✓ en hulle vel kry plooie.✓ | 2 | 2 | 1 | 1 |
| 2.3 | Kook die water./Gebruik gebottelde water./Gebruik skoon water./Was alle vrugte af./ Was alle rou groente af./Moet alles met Jik-oplossing skoonmaak./Was hande (voor ete).<br>(Enige drie aanvaarbare en soortgelyke antwoorde)<br>• Wenk moet volledig wees – voorwerp en ww.<br>• Meer as een moontlikheid in een sin is aanvaarbaar. | 3 | 2 | 2 | 2 |
| 2.4 | Hy/Sy moet baie vloeistof/water drink./Moet dadelik dokter toe./Moet gebottelde water drink.✓ | 1 | 1 | 1 | 3 |
| 2.5.1<br>2.5.2 | ONWAAR (NIE WAAR NIE/NEE/VALS) ✓<br>Dit begin ongeveer 24 tot 72 uur na infeksie/eers later/na 'n dag.✓ | 1<br>1 | 1<br>1 | 1<br>1 | 1<br>1 |
| DENKVLAK 1: 4/10 (40%) DENKVLAK 2: 4/10 (40%) DENKVLAK 3: 2/10 (20%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **[10]** |

| **VRAAG 3: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: *Rapport,* 22 Februarie 2009] **(57 woorde)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
| 3.1 | (Die retoerrit van) Johannesburg /JHB na Kaapstad.✓ | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 3.2 | D/R25✓ | 1 | 2 | 2 | 2 |
| 3.3 | (In die) winter(vakansie)✓ | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 3.4 | Gratis/kry✓ | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | **[4]** |
| DENKVLAK 1: 2/4 (50%) DENKVLAK 2: 1/4 (25%) DENKVLAK 3: 1/4 (25%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **TOTAAL AFDELING A: 30** |

**AFDELING B: 'N OPSOMMING** [Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2009] **(202 woorde)**

**VRAAG 4: KRY DAARDIE WERK**

**Nasien van die opsomming:**

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word nie geassesseer nie. Daar word nie gespesifiseer wat die formaat (sinne/paragrawe) moet wees nie, daarom sal sinne of paragrawe hierdie jaar aanvaar word.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. As die feit volledig reg is, maar die sin is nie volledig nie, word dit as 'n taalfout aangedui.
- Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui. Nasieners sien na tot by 65 woorde en ignoreer die res.
- 'n Aanhaling is 'n woordelikse herhaling van 'n sin. As een woord verander word, is dit nie meer 'n aanhaling nie.
- 'n Volsin het 'n werkwoord. As daar 'n ander woord weggelaat word, is dit 'n taalfout.
- Dieselfde taalfout wat weer voorkom, word elke keer getel.

**Punte word soos volg toegeken:**

- 7 punte vir 7 feite
- 2 punte vir taal
- 1 punt vir die getal woorde aangedui

**Penaliseer soos volg:**

❖ Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie) in die **korrekte feite**:
Trek soos volg van die 2 punte wat toegeken word vir taal, af.

| | | |
|---|---|---|
| 0 – 5 foute: | geen penalisering nie | -0 |
| 6 – 10 foute: | trek 1 punt af | -1 |
| 11 of meer foute: | trek 2 punte af | -2 |

**TIPIESE FOUTE**

- Woordorde in enkelvoudige sin (Bv. O/werp + ww. + V/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse, plek
- Ontkennende vorm
- Voornaamwoorde
- Vreemde woorde
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Telegramstyl/Onvoltooide sinne

- Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg van kandidaat se totaal afgetrek:

  1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering nie
  4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
  6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af

- As die **getal woorde** nie aangedui is nie of verkeerd aangedui is, word geen punt toegeken nie.

**FEITE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Luister (mooi) na (en beantwoord) die vrae (direk)./<br>Luister goed na die vrae voordat jy die vrae beantwoord. | | |
| 2. | Praat (duidelik en) stadig/mooi/reg/goed. | | |
| 3. | Skryf en praat die waarheid oor jouself./<br>Moenie lieg in jou onderhoud en/of CV nie./<br>Moenie jok nie. | | |
| 4. | Kies die werk waarvan jy hou./<br>Praat met selfvertroue./<br>Jou persoonlikheid moet pas by die pos./<br>Jy moet pas by die werk. | | |
| 5. | Kry (vooraf genoeg) inligting oor die firma./<br>Jy moet weet hoe die firma funksioneer/werk. | | |
| 6. | Jou kwalifikasies moet by die pos pas./<br>Die regte kwalifikasies is belangrik vir sukses./<br>Die regte kwalifikasies help dat jy die werk beter verstaan. | | |
| 7. | Jy moet professioneel aantrek./<br>Trek professioneel aan./<br>Professionele kleredrag is die sleutel tot sukses./<br>Lyk professioneel./<br>Trek netjies/formeel/gepas aan.<br>Enige antwoord wat met die eerste sin in die teks te doen het, is onaanvaarbaar. | | |
| **(GLOBAAL BEPUNT)** DENKVLAK 1: (45%) DENKVLAK 2: (30%) DENKVLAK 3: (25%) = 100% | | | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | | **10** |

## AFDELING C: TAAL

**VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE** [Uit: *Isizulu Sanamuhla*, MM Masondo en NF Zondo Ibanga 6]

- Spelling moet korrek wees.
- Indien die woord met 'n hoofletter geskryf is, word dit ook aanvaar.

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | rit | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.2 | te | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.3 | sy | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.4 | gestreepte | 1 | 4 | 2 | 2 |
| 5.5 | regterhand | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.6 | breë | 1 | 4 | 2 | 2 |
| 5.7 | teen | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.8 | wat | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.9 | blikkies | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.10 | vullisblik/asblik/vuilisblik/blik/drom/asdrom/vuilgoed-drom/vuilisdrom/vullisdrom | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.11 | motortjie | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.12 | haar | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.13 | waarmee | 1 | 4 | 2 | 2 |
| 5.14 | oop | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.15 | kwater | 1 | 4 | 1 | 2 |
| 5.16 | As/as gevolg van | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.17 | ernstige | 1 | 4 | 2 | 2 |
| 5.18 | opgedoen | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.19 | ambulansmanne | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.20 | doodbang/vrekbang/skytbang (moet een woord wees) | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.21 | derde | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 5.22 | verpleegster | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 5.23 | die emmer geskop het | 1 | 4 | 1 | 3 |
| 5.24 | leer | 1 | 4 | 2 | 2 |
| DENKVLAK 1: 17/24 (71%) DENKVLAK 2: 6/24 (25%) DENKVLAK 3: 1/24 (4%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **[24]** |

**VRAAG 6: SINSTRUKTURE** [Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF,* 21 November 2007]

- Spelling word nie hier gepenaliseer nie.
- Die sinsdele waarvoor punte gegee word, moet reg wees.

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Marie verstaan **nie**✓wat sy moet doen **nie**.✓ | 2 | 4 | 2 | 1 |
| 6.2 | Môre **sal/gaan** ✓Tendani die som aan Pieter **verduidelik**.✓ | 2 | 4 | 2 | 1 |
| 6.3 | Pieter sê vir Tendani dat **hy**✓baie slim **is.** ✓ | 2 | 4 | 2 | 2 |
| 6.4 | Tendani **het**✓ al sy somme **reggekry**. ✓ | 2 | 4 | 2 | 1 |
| 6.5 | Die kinders luister mooi, **daarom kry**✓hulle al die somme reg. | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 6.6 | Waarom **doen** die kinders goed✓**?**✓ | 2 | 4 | 2 | 1 |
| 6.7 | Die werk **word deur** die kinders✓ **gedoen.** ✓**/**<br>Die werk **word** ✓**gedoen.** ✓**/**<br>Die werk **word** ✓ **gedoen** ✓**deur** die kinders. | 2 | 4 | 2 | 3 |
| 6.8 | Pieter en Thandani **werk**✓ **elke oggend**✓ **hard.**✓ | 3 | 4 | 2 | 2 |
| 6.9 | Die kinders **gaan/sal (nog) 'n toets skryf**. ✓ | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 6.10 | Tendani **is** ✓bang om te druip. | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 6.11 | Die juffrou vra: "Pieter, het **jy** ✓die som **verstaan**?" ✓ | 2 | 4 | 2 | 2 |
| DENKVLAK 1: 11/20 (55%) DENKVLAK 2: 7/20 (35%) DENKVLAK 3: 2/20 (10%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **[20]** |

## VRAAG 7: REDIGERING [Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF,* 22 Julie 2007]

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 7.1 | (Môre Barnie, hoekom lyk jy so) ongelukkig. | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 7.2 | (Barnie) weet (dat haar man haar met 'n ander vrou verkul.) | 1 | 4 | 1 | 1 |
| 7.3 | (Sy voel dat haar man nie meer) in (haar belangstel nie.) | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 7.4 | Hy kom nie elke aand vroeg van die werk af **nie./** Hy kom elke aand nie vroeg van die werk af **nie./** Hy kom nie vroeg elke aand van die werk af **nie.** | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 7.5 | Die man het 'n merk aan sy hemp./ Hy het 'n merk aan sy hemp. | 1 | 4 | 2 | 2 |
| 7.6 | Toe sê hy (vir my) dis tamatiesous./Hy sê toe vir my dis tamatiesous. | 1 | 4 | 2 | 2 |
| 7.7 | Minnie dink Barnie behoort uit te vind wie die tamatie is. | 1 | 4 | 2 | 3 |
| 7.8 | Barnie se man loop rond**,** want hy is nie meer lief vir haar nie. (Net een komma is aanvaarbaar.) | 1 | 4 | 2 | 1 |
| 7.9 | C/Haar man was jammer dat hy iets verkeerd gedoen het. | 1 | 4 | 2 | 2 |
| DENKVLAK 1: 5/9 (56%) DENKVLAK 2: 3/9 (33%) DENKVLAK 3: 1/9 (11%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **[9]** |

## VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 8.1 | B/Om die indruk te gee dat die kaartjie goedkoper is. | 1 | 2 | 3 | 2 |
| 8.2 | A/stereotipering. | 1 | 2 | 3 | 2 |
| DENKVLAK2: 2/2 (100%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **[2]** |

**VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER**

- Korrekte boodskap, m.a.w. die taalfunksies (bv. *verduidelik* en *beleefde* manier) is uitgevoer.
- Penaliseer nie vir taal- en spelfoute nie.
- Elke taalfunksie vereis 'n punt.

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT | LU | AS | VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 9.1 | (My kind), **kom nou**,✓eet die groente/kos. Die groente/kos is gebalanseerd en gesond. As jy sterk en gesond wil word, **moet jy dit eet.**✓ **OF** **Dis nie sleg nie**,✓ Ma wil hê dat jy gesond **moet eet** en sterk word.✓ (Enige aanvaarbare sin wat **aanmoediging** en **verduideliking** weerspieël.) | 2 | 3 | 3 | 3 |
| 9.2 | (Ouboet), baie dankie✓, jy is darem so slim. Jy kan ook alles doen.✓/Dankie, ek is trots op jou en bly om 'n ouboet soos jy te hê. Jy kan enigiets doen. (Enige aanvaarbare sin wat **dankbaarheid** en **trots** weerspieël.) | 2 | 3 | 3 | 3 |
| 9.3 | B/Mejuffrou, veels geluk, u is aangestel! Mag ek weet of u die pos sal aanvaar? ✓ | 1 | 3 | 3 | 2 |
| DENKVLAK 2: 1/5 (20%) DENKVLAK 3: 4/5 (80%) = 100% | | | | | |
| | | | | | **[5]** |

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *KINDERS VAN DIE AARDE* – CHARLES FRYER

## VRAAG 10

## *ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK* – ABRAHAM H DE VRIES

10.1 10.1.1 Rooikoos het ’n rooi baard/rooi kop/rooi hare gehad. (1)

10.1.2 Iemand is weg. (1)

10.2 10.2.1 Rooikoos Willemse is weg./Hy is deur die Barrydalers ontvoer. (1)

10.2.2 Toe Rooikoos Willemse sy baard en haarkleur verloor het, het hy homself nie herken nie./Hy was verward en onseker oor wie hy is met die swart hare en skoongeskeerde gesig. (1)

10.3 nuuskierigheid (aanvaar antwoord met of sonder aanhalingstekens) (1)

10.4 Hy het baie gedrink. (1)

10.5 al sy erfgrond✓/sy pa se plaas✓/en die stukkie grond van sy oorlede vrou✓/sy eie stukkie grond (Enige TWEE ) (2)

10.6 Soos ’n bulkalf/bees (1)

10.7 Die spanne het gelykop gespeel. (1)

10.8 Rooikoos het geskreeu✓/en die losskakel het geskrik✓/en die bal heeltemal mis geskop.✓ (Enige TWEE ) (2)

10.9 Hulle het sy baard afgeskeer✓/en sy hare pikswart gekleur.✓/Hulle het hom in ’n vreemde hotel gesit.✓ (Enige TWEE) (2)

10.10 In ’n vreemde hotelkamer/in Barrydale (Enige EEN) (1)

10.11 Hy het nie die kelner geken nie. (1)

10.12 10.12.1 Waar (1)

10.12.2 Rooikoos Willemse het ’n swak puntjie gehad./Hy was vóór daardie Saterdag (waarop die storie begin) bloedmin nugter. (Enige EEN) (1)

10.13 Die slegte invloed van drank/as ’n mens jy te veel drink kan daar vreemde dinge met jou gebeur/kan ’n mens ’n gek van jouself maak./As jy te veel drink, kan jy in die moeilikheid beland. (2)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 11

### *DIE OOREENKOMS* – DALENE MATTHEE

11.1 A/’n vergelyking (1)

11.2 11.2.1 Onwaar (1)

11.2.2 Dit is ’n tehuis vir bejaardes/ouetehuis/plek waar ouer mense bly. (1)

11.3 Jakob stel voor dat die een wat eerste doodgaan aan die ander een ’n teken sal kom gee/by hom kom spook✓om te wys of daar lewe na die dood is. ✓ (2)

11.4 Jakob was bang dat Willem by hom sal kom spook/hom sal besoek. (1)

11.5 Hy het by Willem gepleit (gesmeek) om hom nie bang te maak nie.✓
Hy het die lig laat brand✓ en die Onse Vader opgesê.✓ (Enige TWEE) (2)

11.6 Dit is vir hom baie swaar/net so swaar om sy vriend, wat vir hom soos ’n (eie) broer was, te verloor. (1)

11.7 Hulle luister saam na die radio,✓ speel vingerbord✓ en drink saans ’n sopie whisky.✓ Hulle maak beurte om whisky te koop.✓ Hulle het saam in Jakob se motor gery.✓ Hulle het ’n kamer gedeel.✓ (Enige TWEE) (2)

11.8 Hulle drink saans presies om halfses ’n sopie whisky. (1)

11.9 Twee partye/hulle✓ stem saam/kom ooreen/besluit oor ’n saak.✓ (2)

11.10 Hy het die sleutel van die kas in sy sak./Die bottel is toegesluit in sy kas. (Enige EEN) (1)

11.11 11.11.1 Ja. (1)

11.11.2 Jakob kon eers om halfses (hulle drinktyd)✓ die bottel oopkry.✓ (2)

11.12 Willem is bo in die hemel✓ en Willem dink hy’s nou beter as Jakob✓ omdat hy in die hemel is. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 120**

## VRAAG 10

### *ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK* – ABRAHAM H DE VRIES

### TOEPASSING VAN DENKVLAKKE DEUR MIDDEL VAN VRAAGSTELLING EN PUNTETOEWYSING

| VLAK | OMSKRYWING | VRAE | VRAAG |
|---|---|---|---|
| **1** | LETTERLIK<br>(inligting in die teks) | Haal aan.<br>Pas kolom A by kolom B<br>Cloze<br>Wat is …?<br>Wie is …?<br>Hoeveel …?<br>Noem die …?<br>Waar …?<br>Vertel wat gebeur het toe …?<br>Maak 'n lys van die …<br>Gee 'n voorbeeld van … | **10.2 (1)**<br>**10.3 (1)**<br>**10.4 (2)**<br>**10.5 (1)**<br>**10.6 (1)**<br>**10.7 (1)**<br>**10.8 (2)**<br>**10.10 (1)**<br>**10.11 (1)** |
| **2** | HERORGANISEER<br>(analiseer, vat die ... saam of organiseer die inligting) | Wat beteken …?<br>Verduidelik …<br>Verklaar …<br>Skryf in jou eie woorde.<br>Wie dink jy …?<br>Onderskei tussen …<br>Vergelyk … en … sê karaktereienskappe.<br>Noem verskille/ooreenkomste | **10.9 (2)**<br><br>**(40%)** |
| **3** | AFLEIDING<br>(interpreteer inligting na aanleiding van persoonlike ervaring) | Verduidelik...<br>Waarom tree ... so op?<br>Identifiseer … | **10.12 (2)**<br>**10.1.1 (1)**<br>**10.1.2 (1)**<br>**(40%)** |
| **4** | EVALUERING<br>(beoordeel waardes, houdings en oortuigings) | Verklaar ...<br>Wie dink jy ...<br>Wat dink jy gaan die gevolg wees van …<br>Watter verhouding bestaan tussen … en …?<br>Bv. Dink jy dat ...; Bespreek krities | **10.1.3 (1)**<br>**10.1.4 (1)**<br><br>**10.13 (2)**<br><br>**(20%)** |
| **5** | WAARDERING<br>(assesseer die invloed/impak van die teks) | Gee jou mening …<br>Wat lei jy af …<br>Wat is die boodskap/lewensles/ tema?<br>Gee 'n motivering<br>Bv. Bespreek jou respons/reaksie; Lewer kommentaar oor die taalgebruik van die skrywer | |

**VRAAG 11**

***DIE OOREENKOMS* – DALENE MATTHEE**

**TOEPASSING VAN DENKVLAKKE DEUR MIDDEL VAN VRAAGSTELLING EN PUNTETOEWYSING**

| VLAK | OMSKRYWING | VRAE | VRAAG |
|---|---|---|---|
| 1 | LETTERLIK<br>(inligting in die teks) | Haal aan.<br>Pas KOLOM A by KOLOM B<br>Cloze<br>Wat is …?<br>Wie is …?<br>Hoeveel …?<br>Noem die …?<br>Waar …?<br>Vertel wat gebeur het toe …?<br>Maak 'n lys van die …<br>Wat beteken …?<br>Gee 'n voorbeeld van … | **11.3 (1)**<br>**11.4 (1)**<br>**11.5 (2)**<br>**11.7 (3)**<br>**11.8 (1)**<br>**11.9.2 (1)**<br>**11.9.3 (1)** |
| 2 | HERORGANISEER<br>(analiseer, vat die ... saam of organiseer die inligting) | Verduidelik …<br>Verklaar …<br>Skryf in jou eie woorde.<br>Wie dink jy …?<br>Onderskei tussen …<br>Vergelyk … en … sê karaktereienskappe.<br>Noem verskille/ooreenkomste | **11.9 (2)**<br><br>**(40%)** |
| 3 | AFLEIDING<br>(interpreteer inligting na aanleiding van persoonlike ervaring) | Verduidelik ...<br>Waarom tree ... so op?<br>Identifiseer … | **11.1 (1)**<br>**11.2 (1)**<br>**11.6.1 (1)**<br>**11.6.2 (1)**<br>**11.9.4 (1)**<br>**11.10 (2)**<br>**(40%)** |
| 4 | EVALUERING<br>(beoordeel waardes, houdings en oortuigings) | Verklaar ...<br>Wie dink jy ...<br>Wat dink jy gaan die gevolg wees van …<br>Watter verhouding bestaan tussen … en …?<br>Bv. Dink jy dat ...; Bespreek krities | **11.2.2 (1)**<br><br>**(20%)** |
| 5 | WAARDERING<br>(assesseer die invloed/impak van die teks) | Gee jou mening …<br>Wat lei jy af …<br>Wat is die boodskap/lewensles/ tema?<br>Gee ’n motivering | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Bv. Bespreek jou respons/reaksie; Lewer kommentaar oor die taalgebruik van die skrywer | |